On The Journey

'n Pinkster /erediens reeks /kamp vir tieners met 5 sessies

Inleiding en Program:

Hierdie reeks bevat 5 sessies en sluit aan by die #imagine tema van 2017 maar herhaal dit nie. Dit kan dus bemark word as 'n re-#imagine geleentheid om tieners op te volg wat dit bygewoon het (byvoorbeeld vir Pinkster). Maar dit kan net so gemaklik deur tieners bygewoon word wat nie daar was nie.

Dit kan ook gebruik word as temas vir 'n kamp:

- *Vrydagaand – Kenmekaar en Sessie 1 met P&W*
- *Saterdagoggend – P&W asook Sessie 2 en 3*
- *Saterdagmiddag – Uitreik geleentheid*
- *Saterdagaand – Sessie 4 en P&W by Kampvuur met getuienisse*
- *Sondagoggend – Sessie 5 en afsluiting*

Inhoud:

Sessie 1 is 'n algemene inleiding - Wat is pinkster? (indien dit as 'n pinkster reeks gebruik word) Wat is #imagine se verhaal en anker tekste?
Sessie 2 verwys terug na die #imagine naweek 2017 se tema oor Paulus se Damascus pad ervaring en hoe Jesus op sy lewensreis (on the journey) hom ontmoet het en begin gebruik het en kan in die imagine opvolg boekie gevind word.
Sessie 3-5 gebruik 3 teksgedeeltes en Bybelstudies uit die imagine 2017 opvolgboekie wat aansluit by hierdie pinkster reeks, naamlik "Let's share", "Let's set free" en "Let's befriend". Dit is aanlyn gratis beskikbaar op die #imagine webtuiste onder "Inspiring – Biblestudies" #Imagine Teen Bible Study Book 2017.

Daar is by elke sessie **encounter stations** (met ander woorde kreatiewe gebedstasies) wat aansluit by die tema. Daar is 'n voorstel van hoe dit in 'n **groot groep** gedoen kan word (deur byvoorbeeld tafels agter in die saal te pak) asook 'n voorstel van hoe dit in **klein groepe** gedoen kan word (deur byvoorbeeld die simbole op skinkborde te pak vir elke groep).

Die **storie** wat telkens elke aand gebruik word kom vanuit die sosiale mediawêreld en die daar is ook **icons van apps** (in aparte dokument) wat elke aand se tema voorstelwat vir jou powerpoint of uitdeelstukke gebruik kan word.

Al die **antieke gebede is verkry van die versameling deur faith and worship** ***http://www.faithandworship.com/early_Christian_prayers.htm#ixzz4h9IwdQ2o*** en losweg vertaal en aangepas. Dit kan gebruik word as 'n gebedsmoment, of deel van die encounter stations uitmaak. Dit kan ook op sosiale media geplaas word as 'n gebed om tuis te bid (mits die relevansie daarvan verduidelik word in die sessies)

Sessie 1 - The Journey with the Spirit

Tema - Die Gees is vir almal en werk deur alle gelowiges
Teks Handelinge 2:16-21
Simbool - Free Wi-Fi

Speletjie: Groepe van…
Jy gee die tema, en hulle vorm elke keer so vinnig moontlik groepe daarvolgens. Maak groepe volgens…. (skoen grootte, verjaarsdagmaand**,** geliefkoosde seisoen, geliefkoosde kleur, hoeveelheid broers/susters, ouderdom, kleur van oë, eerste letter van van, ens).
Link met tema – almal is ingesluit ongeag hoe jy lyk/ jou voorkeure.

Notas vir spreker:
Indien die reeks deel vorm van pinkster - vertel kortliks wat hemelvaart en pinkster is hoekom en hoe ons dit vier.
Link Pinkster gebeure aan vandag se Pinkstertyd.
Link ook Pinkster aan die storie van #imagine se begin.
Die geskiedenis van #Imagine https://www.youtube.com/watch?v=DZIC28LlsCI
Anker tekste van die imagine beweging –

- Handelinge 2:16-21 (Joël 2:28-32) – **die Gees is vir almal – ook vir jou!**
- Efesiërs 3 – 16-21 **God werk deur sy Gees in jou (image-in) en doen meer as wat jy ooit kan bid/dink (imagine)**

Die punt van bogenoemde (toepassing) is:

- **Die Heilige Gees wil in jou woon, jou troos, en lei en bemoedig en ook deur jou werk!!**
- **God nooi jou om die Gees te ontdek/herontdek op jou journey 9jou lewensreis)**

Storie van "Free – Wi-Fi" (almal kan toegang kry daartoe, maar jy moet daarvan weet en daarop in "log" om dit te gebruik)

Die res van die week/reeks gaan oor wat die Gees vir jou gee op jou journey…

Encounter stations
Groot groep - Kersies aansteek (simbolisser die Gees) of duim afdrukke, handafdrukke (almal is gekies), armbandjies en krale (om jou te herinner aan die Gees wat altyd by jou is).
Opdrag - Pak tafel uit met teekersies in die woord GEES, nog ‘n tafel met ongebleikte koerantpapies en inkpads vir duimafdrukke (of kokies om mee hande af te teken) en nog ‘n tafel met krale, spelde en toue waarmee herinnerings bandjies gemaak kan word
Klein groep– ‘n kers, pakkie vuurhoutjies, inkpad, papier, lintjies / armbandjies maak
Opdrag –steek kers aan in groep en maak duimafdrukke daar om (kan ook name skryf) as simbool dat die HG by almal is, maak armbandjie / iets wat aan skooltas kan vasmaak as herinneringsteken vir die week dat HG by jou is.

Antieke gebed:
Look upon us, O Lord,
and let all the darkness of our souls
vanish before the beams of thy brightness.
Fill us with holy love,
and open to us the treasures of thy wisdom.
All our desire is known unto thee,
therefore perfect what thou hast begun,
and what thy Spirit has awakened us to ask in prayer.
We seek thy face,
turn thy face unto us and show us thy glory.
Then shall our longing be satisfied,
and our peace shall be perfect.
(Augustine, 354 - 430)

Aangepas en vertaal:
Gebed aan die Gees, geïnspireer deur Augustinus, 4e eeu nC

Heilige Gees,
soos wat ons hierdie kers aansteek
Steek ‘n vuur aan in ons harte
Sodat al die donkerte verdwyn in die strale van U Lig.
Vul ons harte met fonteine van U liefde

Vul ons harte met skatte van U wysheid
U ken ons hart se geheime,
vorm ons begeertes deur die Gees.
Ons soek u aangesig Here, Ons verlang na U, Here
Wys ons wie U is…
Skyn op ons, sodat ons U kan sien en beleef.
Dan sal ons harte vol vrede wees.

Sessie 2 – ….with your baggage

Tema: Die Gees is in jou lewensreis en gebruik jou ervaringe
Teks: Handelinge 8:1-6
Simbool - Facebook timeline

Speletjie – een tree voorentoe/agtertoe
Deel in twee groepe en staan in 2 rye weerskante van die vertrek. Elkeen moet ‘n teenoorstaande maat hê met wie hy/sy saamspeel. Noem ‘n verskeidenheid lewenservaringe. Indien die antwoord “ja” is, kan die persoon ‘n gewone tree voorentoe gee. Sodra twee persone bymekaar uitgekom het, kan hul sit.
Voorbeelde van stellings:

- Ek het al ‘n berg geklim
- Ek het al ‘n hond gehad
- Ek het al met my broer baklei
- Ek het ‘n ouma
- Ek het stief familie
- Ek het al ‘n iets met hout gemaak
- Ek het al slakke geëet
- Ek het al verhuis
- Ek het al gekamp
- Ek het al ‘n toets gedop
- Ek het al ‘n troeteldier begrawe
- Ek kan in 5 tale ‘n sin sê
- ek het ‘n goeie vriend van ‘n ander kultuur

Link aan tema – ons het almal random lewenstories - jou lewenservaring / baggage is belangrik vir God en hy kan dit ook ten goede gebruik

Notas vir spreker

Paulus – vertel kortliks die verhaal van Handelinge 8 en deel kortliksiets van Paulus se agtergrond, bekering, roeping en sending . Wys gerus een van die #imagine scripture videos op imagine se youtube channel oor Paulus:
https://www.youtube.com/watch?v=1PissaPj6Ks
https://www.youtube.com/watch?v=so8oxGxqTFA
https://www.youtube.com/watch?v=B4dvXs4hT6Q

- Paulus het Jesus ontmoet oppad na Damascus
- Jesus ontmoet jou op jou pad (ongeag waar jy is) deur die HG
- Jesus gebruik Paulus se baggage / geskiedenis /ervaring / agtergrond en gebruik sy ywer / boldness vir Sy eer
- Jesus gebruik ook jou slegte en goeie ervarings - Jou baggage/jou verlede kan ‘n manier raak waarop God jou verander en ander raak.

Storie – vertel ‘n storie van jou **facebook timeline** wat jou herinner het aan iets wat paar jaar terug gebeur het en waarvan jy vergeet het. maar nou kyk jy anders daarna. Jou timeline – God is in jou storie, deel jou timeline met mekaar

Hierdie kan ‘n pastorale sessie wees as dit so ingerig word. Wees versigtig om nie te suggereer dat God slegte goed met iemand laat gebeur sodat Hy dit kan gebruik nie. Wees sensitief. Hierdie sessie gaan eerder daaroor dat God jou gebruik nes jy is en wie jy is, is vir Hom belangrik.

#imagine opvolg boekie – on the journey
Gebruik hoofstuk 3, bladsy 4 “on the journey with Paul…At the crossroad”.

Encounter stations –
Groot groep - Klippe pak by die kruis Of briewe skryf aan self of mosaik kruise met potskerwe of glasbottel skerwe op tafels
Klein groep – karton met potskerwe / glas skerwe (verskillende kleure) of tydskrif papier in stukke. Hul maak saam simbool van Gees met glas / papier.

Antieke gebed
O Lord, who hast mercy upon all, take away from me my sins,
and mercifully kindle in me the fire of thy Holy Spirit.
Take away from me the heart of stone,
and give me a heart of flesh,
a heart to love and adore thee,
a heart to delight in thee,

to follow and to enjoy thee,
for Christ's sake.

(Ambrose of Milan, c 339-97)

Antieke gebed vertaal en aangepas

Gebed vir 'n nuwe hart, geïnspireer deur Ambrose van Milan, 4e eeu nC

O Here,

Wees my genadig en vergewe my sonde

Steek weer die vuur van die Gees aan in my lewe

Neem my hart van klip en gee vir my 'n hart vol passie en lewe

'n hart om U lief te hê en te aanbid

'n hart om met vreugde u te prys

'n hart om u te dien en te genoet

tot eer van Jesus!

Sessie 3 – ….with your encounters

Tema – Ons ervaar die Gees op verskillende maniere, die Gees help ons om God se teenwoordigheid en werking raak te sien
Teks: Lukas 2:8-20
Simbool - Instagram foto

Speletjie – smartie speletjie
Deel vir elkeen 'n smartie of ander lekkers uit soos wat hulle inkom. Hulle moet die kleur van die smartie/lekker onthou. Jy kan ook meer as een vir elk gee. Vertoon 'n lys van vrae – een vraag vir elke kleur – op die skerm. Hulle moet dan met mekaar die antwoorde deel van die vraag wat ooreenstem met die kleur lekker wat hulle gekry het.
Voorbeelde van vrae

- Watter seisoen is jou gunsteling seisoen en hoekom?
- Vertel van 'n plek in die natuur wat vir jou spesiaal is…
- Watter reuk laat jou gelukkig voel?

- Noem ‘n worship liedjie wat jy mee kan aanbid?
- Watter uitsig is vir jou die mooiste?
- Vertel van ‘n berg wat jy geklim het…
- Watter (kos) smaak laat jou dink aan ‘n goeie herinnering?

Link aan tema – ons het almal verskillende ervarings van wat vir ons asemrowend of spesiaal is. Daardie oomblikke bly by ons, maar is uniek aan ons eie belewenisse en persoonlikhede.

Notas vir spreker:
Vertel die verhaal van die skaapwagters se “encounter” in Lukas 2. Hulle ervaar God in die doodgewone van ‘n baba in ‘n krip en reageer met dankbaarheid en lof. Hulle getuig dadelik oor hul encounter. Die Gees help jou in jou alledaagse lewe om God raak te sien in die “kleine” en in die “gewone”. Soms verskyn God aan jou op ‘n verrassende, spesiale manier deur ‘n belewenis (soos die engele aan die skaapwagters verskyn het), maar meestal werk hy deur die doodgewone van die lewe.

- Kom nes jy is – skaapwagters was “gewoon” en arm
- Jesus word gebore in ‘n stal – doodgewone, arm omgewing
- Reageer op jou “God encounters” met gehoorsaamheid en bereidwilligheid (die HG help jou hiermee)
- Gebruik alle geleenthede om jou ervarings te deel met ander (getuienis)
- Om Jesus te volg is ‘n lewenstyl en nie net ‘n eenmalige event nie
- God is nooit klaar met ons nie, ons verander konstant en het herhaalde ontmoetings met God op klein en groot maniere
- Die HG help jou om God in die alledaagse raak te sien

Storie - Vertel van ‘n **Instagram post** wat jou geraak het, of jou eie “encounter” wat jy op Instagram vasgevang het of wys fotos van Instagram waardeur mense hul belewensisse van God vasvang.

#imagine opvolg boekie – On the journey
- Gebruik Hoofstuk 8, bladsy 14 en/of 15 “Savior King” en/of “Let’s share”

Encounter stations -
Groot groep - wasgoedlyn met fotos (kleurafdrukke of prente uit tydskrifte) van natuur tonele, mense, koffie, tafels, kos - enige iets wat ‘n ervaring kan voorstel.

Opdrag - haal een af wat vir jou herinner aan ‘n geleentheid toe jy God in die doodgewone raakgesien of beleef het. of ‘n geleentheid toe jy herinner is van God se teenwoordigheid en deel met mekaar.
Klein groep – kers, vuurhoutjies en fotos (kleurafdrukke of prente uit tydskrifte) op skinkbord.
Opdrag - steek die kers aan as ‘n simbool van die Gees en kyk na fotos en kies een wat iets simboliseer /vertel van jou ervaring van die Gees, deel met mekaar.
Gebedsaktiwiteit – almal gebruik ‘n eienskappe van God om in een woord gebed God te prys en aanbid.

Antieke gebed
Alone with none but thee, my God,
I journey on my way.
What need I fear, when thou art near O king of night and day?
More safe am I within thy hand
Than if a host did round me stand.
(Columba, c.521 - 97)

Antieke gebed aangepas en vertaal in Afrikaans

Gebed oor jou lewensreis, geïnspireer deur Columba 6e eeu nC

U is by my op my lewenspad

Dag en nag, is U naby

Ek sal nie bang wees nie

U stap saam met my

Al my hoogtes en laagtes

Elke dag elke uur

Is ‘n nader aan my

as engele of vuur.

Sessie 4 - …with your voice

Tema: Die Gees gee jou 'n stem/passie / roeping om die nood van die wêreld aan te spreek
Teks: Lukas 4:18-20
Simbool – twitter

Speletjie – lyf alfabet
Elke groep kry 'n 4 of 5 letter woord wat hulle met hul lyf moet uitbeeld – die ander groepe moet "lees" wat die groep se woord is.
Link aan tema – ons almal se lewens kommunikeer iets (met of sonder woorde) en God wil deur sy Gees vir ons 'n roeping/passie gee en ons stem gebruik

- *Help*
- *Love / lief*
- *voed*
- *Hoop/ hope*
- *Sien*
- *Vertel*
- *Omgee*
- *Bevry / free*

Notas vir die spreker:
Hierdie gedeelte in Lukas 4: 18-20 word beskryf as Jesus se uitdrukking van sy roeping, as te ware sy " Mission statement".
Hy het dit verklaar as sy "missie" maar dit ook prakties uitgeleef
Voorbeelde van mense se mission statements
Maslow se tabel van behoeftes – en wat die dinge/sisteme is wat mense verhinder om in oorvloed te leef
In hoe 'n mate is jy afgestomp tot die nood?
-wat is jou roeping, het jy een?
- Jou stem is belangrik in die wêreld

Jy kan ook een van die #imagine videos hier wys, soos die een waar #imagineers hulle drome deel:
https://www.youtube.com/watch?v=wk5CR1dqelY (Signs Part 3)
https://www.youtube.com/watch?v=M2lqOfcIXa4 (wys net tot by 2:45)

Storie - Vertel van 'keer toe jy ongelukkig was oor iets (byvoorbeeld dienslewering) en jou gewend het tot **twitter** om jou ongelukkigheid uit te spreek. Jy kan ook vertel van jeug opstande wat wêreld wyd die afgelope paar jaar plaasgevind het agv sosiale media (veral twitter). Ons is vinnig om ons stem te gebruik as dit ons persoonlik raak, maar God wil jou stem gebruik om vir ander mense / nood op te staan.

#imagine opvolg boekie – On the journey

- Gebruik Hoofstuk 8, bladsy 17 "Let's set free"

Encounter stations –
Groot groep– gebruik ongedrukte koerantpapier of swart borde om 'n "Graffitti muur" op te stel teen die mure, of op tafels met kokis / kryte OF gebruik klein swartbord / wit bord om telkens 'n foto van elkeen te neem waar hy/sy die bordjie vashou.
Opdrag – skryf jou naam en jou mission statement neer. Lees mekaar s'n en vra daaroor uit.
Klein groep – dieselfde kan gedoen word as bg in groepe met velle papier en kryte / khokis
Gebedsaktiwiteit – raak stil en vra vir die Gees om jou 'n hart vir ander te gee.

Antieke gebed

We beseech thee, Master, to be our helper and protector.
Save the afflicted among us; have mercy on the lowly;
raise up the fallen; appear to the needy; heal the ungodly;
restore the wanderers of thy people;
feed the hungry; ransom our prisoners;
raise up the sick; comfort the faint-hearted.

(Clement of Rome, 1st Century)

Antieke gebed aangepas en vertaal
'n Gebed vir ander, geïnspireer deur Clement van Rome, 1ste eeu nC

Ons bid en vra, Heilige Gees, ons Helper en Trooster,
Red die mense om ons wat swaarkry
Help die mense wat onderdruk word
Tel mense op wat geval het
Verskyn aan mense wat u nodig het

Genees mense wat U nie ken nie
Voed die wat honger is
Bevry mense wat gevangenes is
Versterk die mense wat siek is
Bemoedig die mense wat twyfel.

Sessie 5 … with your friends

Tema: die Heilige Gees help jou met vriendskappe
Teks: Johannes 15:9-17
Simbool – whatsapp

Speletjie – vind jou vriend
Deel kaartjies uit aan die begin elkeen met een naam van ‘n bekende paar. Wanneer die speletjie gespeel word moet hul hul “vriend” gaan vind, en dan probeer soveel moontlik onthou van die vriendskap (hoogtepunte, laagtepunte en uitdagings).

- Adam & Eve
- Romeo & Juliet
- Tarzan & Jane
- Barbie & Ken
- Princess Leia & Han Solo
- Tinkerbell & Peter Pan
- Aladdin & Jasmine
- Tom & Jerry
- Dawid en Jonatan
- Kain en Abel
- Josef en Maria
- Simpson en Delila
- Rut en Naomi
- Barack en Michelle
- Kate en William
- Beyonce en Jay-Z
- Batman and robin
- Mickey and Minnie
- Phineas and Ferb
- Brad Pitt
- Ryan Reynolds and Blake Lively

- Kim Kardashian and Kanye West
- Anna and Elsa
- Beauty en the Beast
- Miley Cyrus en Liam Hensworth

Link aan tema – verhoudinge is volop en nie sonder uitdagings nie. Min verhoudings of vriendskappe is perfek, en ons sien in die wêreld om ons dat liefde/vriendskap dikwels selfsugtig, tydelik en selfs gemeen is.

Notas vir die spreker:
Lees Joh 15:9-17
Lees dalk ook Romans 12:1 in Message en verwys na die verhaal waar Jesus voetewas wat net voor hierdie teksgedeelte afspeel.

- Jesus beskryf hier sy liefde vir sy dissipels
- Daar is 'n groot verskil tussen liefde tussen Baas en onderdane en liefde tussen vriende, hoekom?
- Jesus is jou vriend – wat beteken dit vir jou?
- Jesus se liefde en vriendskap is radikaal anders as die wêreld…
- As jy kyk na jou vriendskappe – hoe reflekteer dit hierdie liefde? Hoe nie?

Jy sou kon fokus op enige vriendskap issues in die sessie bv groepsdruk, klieks, vriende wat mekaar seermaak, eensaamheid, randfigure, eenheid tussen verskillende groepe, eienskappe van vriendskappe wat opbouend is, geestelike vriende, ens.

Die #imagine video "Signs Part 2" vertel van die verskillende maniere waarop jy ander kan help en ondersteun:
https://www.youtube.com/watch?v=mv1gLLUyZNw

Storie – vertel van 'n vriend / groep wat jou ondersteun het via **whatsapp** in 'n moeilike tyd

#imagine opvolg boekie – On the journey

- Gebruik Hoofstuk 8, bladsy 21 "Let's befriend"

Encounter station –
Groot groep – wasgoedlyn gebed
Opdrag - skryf die gebedsversoeke van jou vriende/familie neer (sonder hulle name) en steek vas op die wasgoedlyn met

Rooi wol tussen mekaar span, of stukke aan mekaar wasgoedpennetjies. Neem iemand anders se versoek en bid daarvoor.
Klein groep- salf mekaar met olie en seën mekaar met 'n antieke seëngebed.
Opdrag - steek die kers aan en gebruik die olie in die klein potjie om mekaar mee te seën en die gebed uit die antieke tyd om vir mekaar te bid. (antieke gebed geprint vir almal)
Gebedsaktiwiteit – was mekaar se voete

Seëngebed uit die antieke kerk

Lord, be with us this day,
Within us to purify us;
Above us to draw us up;
Beneath us to sustain us;
Before us to lead us;
Behind us to restrain us;
Around us to protect us.
(Patrick c389-461)

Antieke gebed aangepas en vertaal
'n Seëngebed uit die 4e eeu (geïnspireer deur die gebed van Patrick)

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak.
Die Here is LANGS jou om jou in Sy arms toe te vou.
Die Here is AGTER jou om die aanvalle van die Bose af te slaan.
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val.
Die Here is RONDOM jou om jou te beskerm.
Die Here is BOKANT jou om jou te seën.
Die Here is BINNE-IN jou om jou te lei met Sy Heilige Gees.
Die drie-enige God is BY jou ‑ van nou af tot in ewigheid.
Amen.

Geskryf en saamgestel deur ds Anriëtte de Ridder
anriette@sun.ac.za